# Kakamas Belangegroep

## 1. NAAM

Die naam van die vereniging sal die Kakamas Belangegroep heet en sal voorts na verwys word as "die Vereniging".

## 2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Vereniging is:

- Om as Vereniging verteenwoordigend vir sy lede van Kakamas op te tree en in belang van die Vereniging skakeling te hê met die Munisipaliteit van Kai !Garib, Provinsiale- en Nasionale Regering en ander instansies soos nodig.
- Om bystand te verleen en saam te werk met enige van genoemde liggame wanneer nodig by wyse van advies of aanbevelings in sake wat betrekking het op die munisipale belange van die Vereniging se lede.
- Om in die algemeen instrumenteel te wees of om mee te help om enige saak wat tot voordeel van die Vereniging sal wees, te bevorder en ten uitvoer te bring.
- Om fondse in te samel, ledegeld te vorder en om op wettige wyse fondse te bekom om uitvoering te gee aan die doelstellings van die Vereniging.
- Om inligting rakende munisipale sake aan die lede te versprei. Verspreiding van inligting kan deur verskeie metodes gedoen word, waaronder ingesluit sal wees ook die gebruik van sosiale media. Enige korrespondensie wat via sosiale media geskied, is streng aan die volgende reëls onderhewig:
    - → Geen resepte, grappies, beledigings, persoonlike aangeleenthede of stellings met 'n politieke strekking sal toegelaat word nie.
    - → Boodskappe op die media moet beperk word tot sake van gemeenskaplike belang van die inwoners van Kakamas en die onmiddellike omgewing.
    - → Persone wat oortree se naam sal, na ondersoek deur die komitee, summier van die betrokke sosiale media verwyder word.

## 3. REGSPERSOONLIKHEID

Die Vereniging is 'n vrywillige vereniging met eie regspersoonlikheid en beperkte aanspreeklikheid en as sodanig:

- vestig sy bates, skulde, regte en verpligtings onafhanklik van sy lede;
- het dit ewigdurende opvolging onafhanklik van die lidmaatskap van sy lede en
- is dit gemagtig om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word.

## 4. DIE VERENIGING IS 'n ORGANISASIE SONDER WINSOOGMERKE

Die Vereniging is 'n organisasie sonder winsoogmerke en alle fondse, inkomste, bates en eiendom van die Vereniging, op welke wyse ook al verkry, sal alleenlik aangewend word vir die uitvoering van die primêre en aanvullende doelstellings van die Vereniging. Geen gedeelte daarvan sal betaal of oorgedra word hetsy direk of indirek, by wyse van dividend, bonus of in welke ander vorm ook al, aan enige lid nie. Desnieteenstaande die bogenoemde is die Vereniging gemagtig om betalings te maak te goedertrou as redelike vergoeding aan enige beampte of werknemer van die Vereniging of aan enige lid in ruil vir dienste reeds gelewer aan die Vereniging.

## 5. DIE VERENIGING IS 'n NIE-POLITIEKE ORGANISASIE

Siende die Vereniging se doel is om die munisipale belange van die lede te bevorder en te beskerm, sal die Vereniging 'n nie-politieke organisasie wees en sal nie met enige politieke beweging vereenselwig nie.

## 6. BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID EN VRYWARING

Geen lid van die Bestuur sal aanspreeklik wees aan die Vereniging of enige lid vir enige verlies of skade voortvloeiende uit enige handeling of nalate tensy sodanige skade of verlies voortvloei uit kwaadwillige of 'n growwe nalatige handeling of versuim. Die Vereniging stel en hou die Bestuur skadeloos voortvloeiende uit enige verlies of skade voortspruitende uit 'n handeling of nalate in die uitvoering van die Bestuur se verpligtinge tensy sodanige skade of verlies voortvloei uit kwaadwillige optrede of growwe nalatigheid.

## 7. LIDMAATSKAP

- Elke bewoner (eienaar or huurder) bo die ouderdom van 18 jaar, van een of meer erwe in Kakamas en wat permanent op hierdie eiendomme bly en wie lidmaatskapgelde betaal is, kan lid word van die Vereniging.
- Lede wie se lidmaatskapsgeld, soos van tyd tot tyd deur die Vereniging bepaal en wat voor die Algemene Jaarlikse Vergadering van elke jaar opbetaald is, sal stemgeregtig wees op enige vergadering van die Vereniging.

## 8. STEMREG

- Elke lid van die Vereniging, sal stemreg hê of kan 'n secundus skriftelik aanwys.
- 'n Lys van stemgeregtigdes sal voor elke vergadering deur die Sekretaris vir insae beskikbaar gestel word.
- Stemming geskied per geslote stembrief, tensy die vergadering vooraf, by wyse van hande opsteek, anders besluit.
- Stem geleentheid kan ook aan stemgeregtigdes op WhatsApp, of ander sosiale media, wat spesifiek daarvoor geskep is, verleen word.
- 'n Secundus kan vir slegs een lid van die Vereniging optree tydens die Algemene Jaarvergadering met dien verstande dat die secundus 'n lid van die vereniging moet wees.

## 9. BESTUUR

- Die belange van die Vereniging sal deur 'n komitee, wat op die Algemene Jaarvergadering verkies word, behartig word. Hierdie komitee sal bekend staan as "die Komitee". Die helfte van die lede van die Komitee moet twee jaarliks uittree. Uittredende lede van die Komitee wat hul bereidheid verklaar, is herkiesbaar.
- Die Komitee sal uit 'n voorsitter, sekretaris, onder-voorsitter en drie addisionele lede bestaan. Die sekretaris tree ook as penningmeester op.
- Indien 'n vakature gedurende die jaar in die Komitee ontstaan, kan die Komitee die vakature tydelik self vul. Hierdie aanstelling moet egter by die eerskomende Algemene Jaarvergadering bekragtig word.
- Indien geen lid bereid is om op die Komitee te dien nie, moet 'n tussentydse komitee aangewys word om lede vir die komitee te werf wie bereid is om op die Komitee te dien. Die nuwe Komitee moet binne drie maande aangewys word en op die eerskomende Algemene Jaarvergadering bekragtig word. Indien dit onmoontlik is om 'n nuwe komitee aan te stel, moet Artikel 13 van die Grondwet van die Vereniging op die eersvolgende Algemene Jaarvergadering oorweeg word.
- Die Komitee moet alle bates van die Vereniging behoorlik en verantwoordelik bestuur.
- Die Komitee moet sodanige personeel as wat nodig is, aanstel en ontslaan op redelike billike terme en voorwaardes.
- Die Komitee moet namens die Vereniging toetree tot litigasie om enige eis te verdedig of reg te beskerm.
- Die Komitee is bevoeg om alle stappe te neem wat nodig mag wees om die doelstellings van die Vereniging uit te voer of sy belange te bevorder.
- Die Komitee moet by die Algemene Jaarvergadering 'n voorsitter- sowel as finansiële verslag voorlê vir goedkeuring.

## 10. VERGADERINGS

10.1 Komiteevergaderings

- Die Komitee sal ten minste vier keer per jaar vergader.
- Twee lede van die Komitee mag versoek dat 'n Spesiale Vergadering van die Komitee gehou word.
- 'n Kworum vir 'n vergadering van die Komitee sal vier lede wees.
- Besluite word geneem deur 'n meerderheid van stemme. By staking van stemme het die Voorsitter, benewens sy eie gewone stem, ook 'n beslissende stem.
- 'n Komiteelid wat sonder verskoning van twee agtereenvolgende komiteevergaderings afwesig is, hou op om lid van die Komitee te wees.
- 'n Verkorte finansiële verslag, wat beknopte verslag van inkomste, uitbetalings en stand van fondse bevat, moet by elke komiteevergadering voorgelê word.

10.2 Algemene Jaarvergadering

- Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word te Kakamas gedurende Januarie op 'n tyd en plek soos deur die Komitee bepaal.
- Kennisgewing met vermelding van plek en tyd vir sodanige Vergadering moet ten minste een-en-twintig dae (21 dae) voor die vergadering aan alle lede gegee word. Nie-ontvangs van 'n kennisgewing, maak nie die vergadering of besluite ongeldig nie.
- 'n Kworum sal "aantal lede teenwoordig", wees.

10.3 Spesiale Algemene Vergadering

- 'n Spesiale Algemene Vergadering mag deur die komitee belê word.
- Op skriftelike versoek van ten minste die helfte van die stemgeregtigde lede van die Vereniging moet die Voorsitter 'n Spesiale Algemene Vergadering belê. So 'n vergadering sal slegs na behoorlike kennisgewing aan alle lede, op 'n tyd so geskik moontlik te Kakamas, gehou word.
- Kennisgewing met vermelding van plek en tyd vir sodanige Spesiale Algemene Vergadering moet ten minste een-en-twintig dae (21 dae) voor die vergadering aan alle lede gegee word. Nie-ontvangs van 'n kennisgewing, maak nie die vergadering of besluite ongeldig nie.
- 'n Kworum sal die helfte van die stemgeregtigde lede van die vereniging wees.

## 11. FINANSIES

- Die finansiële jaar van die vereniging strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember.
- Die fondse van die Vereniging sal by 'n geregistreerde finansiële instelling gedeponeer word en die Komitee sal drie lede aanwys wat tekenregte het. Goedkeuring vir enige uitbetaling moet deur twee van die drie lede geteken word.
- Behoorlike boekhouding moet gedoen word en finansiële verslag (state) moet op die Algemene Jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word.

## 12. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

- Enige wysiging van hierdie Grondwet kan slegs geskied deur 'n twee-derde meerderheid van aanwesige lede op die Algemene Jaarvergadering.
- 'n Voorstel ter wysiging van die Grondwet moet nie later as 3 maande voor die Algemene Jaarvergadering aan die Sekretaresse voorsien word nie en moet onderteken wees deur beide die Voorsteller en die Sekondant. Sodanige wysiging moet deur die Sekretaris aan alle opbetaalde lede versend word om lede nie later as 21 dae voor die Algemene Jaarvergadering te bereik nie.

## 13. ONTBINDING

- Die Vereniging kan ontbind deur 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die teenwoordige lede op 'n Jaarlikse Algemene Vergadering.
- By ontbinding van die Vereniging, vir welke rede ook al, sal die oorblywende bates na bevrediging van alle skulde en geskenke, oorgedra word aan 'n ander vereniging of organisasie met soortgelyke doelwitte as van die Vereniging.

**14. DOMICILIUM**

- Die domicilium citandi et executandi van die Vereniging sal geleë wees te Kakamas by Voortrekkerstraat 4, Kakamas, 8870.

Geteken te Kakamas op die 7e dag van November 2018.

.............................................
Voorsitter

.............................................
Onder-Voorsitter